

GENEALOGIESE GENOOTSKAP VAN S.A. - Tak NOORDWES JAARVERSLAG 1 Jan 06 – 31 DES 06.

INLEIDING:

Dit is met genoeë dat ons verslag van ons takaktiwiteite vir die jaar 2006 aan u voorlê vir kennisname.

BESTUUR:

Tydens die Feb. byeenkoms is die bestuur as volg saamgestel:

Voors: Simon du Plooy, O/Voors: Johan Vermeulen, Tesourier: Krause v.d Walt, Sekr: Paulina van der Walt, Ledeskakeling: Santa Els, Media en Sosiaal: Elmarie Weyers, Famnea: Pieter de Beer, Addisioneel: Stephan Botha, (Klerksdorp) en Geert Lampen en Jaco Potgieter – na NZ verhuis.

Ten spyte van nabyheid van lede en weens goeie beplanning! is net 2 bestuurbyeenkomste gehou waartydens die jaarbeplanning gedoen is – verdere bestuur was telefonies en per E-pos.

LEDETAL:

Steeds is ons ledetal in opwaartse kurwe -Des 2005 is met 45 Lede afgesluit en die 2006 ledetal was teen die jaareinde 55. Verskeie belangstellendes wat van die laaste byeenkomste bygewoon het, het aangedui dat hulle in 2007 wil aansluit.

Samestelling Die 13 dames is steeds in die minderheid.

BYWONING:

Byeenkomste bywoning is steeds gemiddeld meer as 80 %, terwyl die jaareindgeleentheid se bywoning 115% was!

BYEENKOMSTE:

Byeenkomste vind plaas in die Biblioteek/Museumkompleks elke eerste Maandag - aand van die maand uitgesonder vakansies.

Die tydperk se onderwerpe en gassprekers was:

2005

Feb: Familie & GGSA Finansies. Richard Ford en Andre Heydenrich

Mrt: Eerste plaaseienaars Noord van die Vaal – Gert van den Berg

Apr: Trilogie verdedig hul rekenaarprogramme. Lucas Rincken, Dennis Pretorius en Hendrik Louw.

Mei: Uitstappie: Besoek aan LDS Sentrum Parktown.

Jun: Prof G van der Merwe - Outeursreg

Aug: Johan Vermeulen – Slaggate in boekdrukproses

Sept: Drie in Een – Johan Pottas

Okt: Slagate in familienavorsing – Hendrik Louw.

Nov: Belangrikheid van Bronne – Barend Venter

BEMARKING en BEKENDSTELING:

Op die gebied was die tak aktief en die volgende is gedoen:

1. Bekenstellingsdag te Potchefstroom Museum se “Antiki dag”
2. Bekendstellingsdag op Klerksdorp o.l.v Johan Vermeulen en hulp van Louw van Deventer.
3. Aardklop kursus in samewerking met Isabel Groesbeek tydens Aardklop met gepaardgaande publisiteit – Isabel verslag.
4. Die twee jaar wat die kursus aangebied is is deur bykans 60 persone bygewoon wat basies ‘n gemiddelde takgrootte verteenwoordig. Ons dan ook aan GGSA en E-GGSA vir Finansiële hulp verleen waarsonder die poging waarskynlik nie moontlik sou wees nie.
5. Berigte en kennisgewings in plaaslike koerante asook terugvoer oor byeenkomste wat plaasgevind het meestal met interessante foto of twee.

NUUSBRIEF:

FAMNEA – Steeds is die taknuusbriëf ons beste bemarker en die beste kompliment moontlik is 'n briëf deur die voorsitter op die vorige NUK vergadering voorgelees waarin die skrywer kommer uitgespreek het dat van die taknuusbriëwe 'n "gevaar" vir FAMILIA inhou en dat FAMNEA een van die twee is wat genoem is – dra aub ons dank aan die skrywer van gemelde briëf oor.

FINANSIES:

Die finansies is aan die einde van die eerste verslagtermyn op aanvaarbare vlak – Die positiewe eindbalans van R 3 600-00 sluit in ong. R 2200 netto opbrengs van die Aardklop aanbieding nadat boekaankope vir takbiblioteek gedoen is

Finansiële verslag volg - Krause vd Walt

TAKBLIOTEEK:

Op inisiatief van die damesbestuurlede is met 'n takbiblioteek begin en heelwat (waardevolle) aanwinste is ontvang terwyl die tak uit eie fondse ook tot die inligtingbron kon bydra. Die biblioteek word in die Potch Museum gehuisves en opmerklik is dat die besoekersgetalle toegeneem het sedert die nuus van die boekversameling versprei het.

SKAKELING:

Ons was bevooreg deurdat bestuurslede van Vaaldriehoek, Die nuutgestigte Vrystaat en ons eie tak onderling besoek afgele het – dit het heelwat bygedra tot die belangstelling in ons tak. Van GGSA se kant het Richard Y Ford en Andre Heydenrich hul portefeuljes uiteengesit terwyl Isabel al meer tuis in Noordwes as haar eie tak is. Dankie ook aan die persone vir moeite en tyd.

ALGEMEEN:

Byeenkomste vind in aangename atmosfeer plaas en spontane reaksie vanaf die lede oor potensieële aksies, onderwerpe, boeke ens begin die norm word.

2007

"Genealogie goes Aardklop?"

Ons wag in spanning op die Aardklopbestuur se antwoord op 'n voorstel van ons kant om 'n artikel wat in Famnea verskyn het onder die titel Sekstet as opdragproduksie te verwerk en op die planke te bring. Daar sal vermoedelik nog heelwat onderhandel moet word maar die hoop is daar om Genealogie ook op die wyse onder die publiek se aandag te bring.

BEDANKINGS:

Die volgende persone en instansies word bedank vir hulle bydraes:

Bestuur: Die bestuurslede wat nou hul nis gevind doen deur die bank wat gevra word – maar weereens 'n besonder dankie aan ondervoorsitter **Johan** vir insette en raad wanneer raad gedaan was! En natuurlik die Sekretariële trilogie – Hoekom funksioneer 'n organisasie eenvoudig beter as die dames in die prentjie kom??

Sprekers;

Van die persone hier teenwoordig was van ons gassprekers en aan hulle (en ander natuurlik ook) 'n opregte dankie - alles kan reg reg wees maar as die gaskunstenaar nie slaag nie sal geen tak oorleef nie. Asook vir die gesindheid van die sprekers – positief en onmiddelik gewillig om te kom kuier.

TEN SLOTTE:

GGSA kyk terug na 'n leersame jaar en sien uit na 'n ewe genealogies-opwindende 2007

Met dank,

Simon du PLOOY

Voorsitter GGSA – Noordwes.